Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS) English/Afrikaans November 2021 Edition 2



**Beware of sex offenders**

Page 5






**Post-matric opportunities for youth**

Page 9

# Apply now for 2022 NSFAS funding



**Allison Cooper**

Applications for National Student Financial Aid Scheme (NSFAS) funding for 2022 are now open. The Minister of Higher Education, Science and Innovation, Dr Blade Nzimande, says learners and out of school youth from disadvantaged and working-class backgrounds can now apply for funding to study at public universities and technical vocational education and training (TVET) colleges.

Government has categorised students into five cohorts for funding. "We believe these will cover all students who have potential and are in need of funding," the Minister says.

The categories are:

- First-time students, who are South African Social Security Agency (SASSA) beneficiaries (cohort 1);
- Returning students, who are SASSA beneficiaries (cohort 2);
- First-time entering students who are not SASSA beneficiaries (cohort 3);
- Returning students, who are not SASSA beneficiaries (cohort 4);
- Students living with a disability (cohort 5).

Applications are also open to qualifying students who are already enrolled at an institution, but don't have funding.

## Who qualifies for funding?

- South African citizens and permanent residents who plan to register, or are already studying, at a public university or TVET college.
- SASSA grant recipients.
- Those whose combined household income is not more than R350 000 per year.
- Persons living with disabilities, with a combined household income of not more than R600 000 per year.

Applicants must submit the correct supporting documents with their application. These include:

- A copy of your identity document (ID) or temporary ID. If you use a Smart ID card, a copy of both sides must be provided;
- Non-SASSA applicants must provide ID copies of their parents, legal guardians or spouse.
- Proof of income of the applicant and that of the parent, legal guardian or

Cont. page 2

To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:
Google play | App Store
Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US
Vuk'uzenzele @VukuzenzeleNews
Website: *www.gcis.gov.za* *www.vukuzenzele.gov.za*
Email: *vukuzenzele@gcis.gov.za*
Tel: (+27) 12 473 0103
Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

FREE COPY NOT FOR SALE




# Presidensiële werkskeppingstimulus gee stukrag aan werkskepping

Die onlangse bekendstelling van die tweede fase van die presidensiële werkskeppingstimulus spreek van groot vordering in ons poging om werk te skep vir werklose Suid-Afrikaners.

Ons het die werkskeppingstimulus verlede jaar op die been gebring om soveel moontlik geleenthede in die kortste moontlike tyd te skep. Dit het nuwe en innoverende maniere van doen geverg om programme teen ŉ ongekende pas en skaal te implementeer.

Die werwingsproses van die talle werklose mense maak gebruik van digitale platforms om soveel moontlik geskikte deelnemers te bereik. Byvoorbeeld, kleinskaalboere kon deur middel van USSD (funksiekodes) vir ondersteuning aansoek doen en insetbewyse op hulle selfone ontvang.

Sedert die Departement van Basiese Onderwys onlangs aansoeke oopgestel het vir die volgende inname van skoolassistente, het meer as 940 000 jongmense via die nultarief-indiensnemingsplatform naamlik SAYouth.mobi aansoek gedoen, wat deel uitmaak van die nasionale roetebestuursnetwerk.

Die gebruik van nuwe tegnologieë in die aanbieding van werksgeleenthede, het werwing baie makliker, vinniger en meer deursigtig gemaak.

Die presidensiële indiensnemingstimulus het samewerking in die openbare sektor moontlik gemaak en vergemaklik. Programme in fase een is deur 11 nasionale departemente geïmplementeer. Hulle aktiwiteite is in ooreenstemming in gebring om duplisering en vermorsing te voorkom en leer uit ander se ervaring te bevorder.

Die indiensnemingstimulus het ook die belangrikheid van maatskaplike vennootskappe getoon. Die regering, sakewêreld, arbeid en burgerlike samelewing het saamgekom om diegene wat werkloos is, in die ekonomie in te bring.

Meer as ŉ halfmiljoen Suid-Afrikaners het reeds baatgevind by die eerste fase, met talle programme wat nog geloods gaan word. Deelnemers is die kans gegun om ŉ bestaan te maak, nuwe vaardighede aan te leer en bestaande vaardighede te verbeter en om hulle ervaring te gebruik as ŉ wegspringplek vir ŉ ander werk of om vir hulself te werk.

Byvoorbeeld, ŉ aantal deelnemers wat deur die Departement van Openbare Werke en Infrastruktuur in sy programme in fase een aangewys is, kon teen die einde Maart 2021 werk in die privaatsektor bekom.

Talle van diegene in die eerste inname van skoolassistente het op soortgelyke wyse werk gekry, gewapen met ondervinding, opleiding en verwysings.

Die programme wat deur middel van die presidensiële werkskeppingstimulus geïmplementeer is, het ook die gemeenskappe in die algemeen bevoordeel. Die fokus is op werkskepping in sektore wat ŉ direkte maatskaplike impak het, waaronder opvoedkunde, voedselsekerheid, onderhoud van staatsinfrastruktuur en omgewingsbeskerming.



Deur middel van hierdie presidensiële werkskeppingstimulus is jongmense in diens geneem om onderwysers in ons skole te ondersteun en by te staan. Ander is in diens geneem om brûe in landelike gemeenskappe te bou.

Baie vroeë kinderontwikkelingsentrums is gehelp om te oorleef en te heropen. Bestaansboere het ondersteuning ontvang om produksie uit te brei, en omgewingsbates soos riviere en vleilande is herstel en word in stand gehou.

As deel van fase twee bring ons ŉ maatskaplike indiensnemingsfonds op die been wat werksgeleenthede sal steun wat die samelewing bevoordeel, onder leiding van gemeenskapsorganisasies, op diverse gebiede soos stedelike landbou, openbare kuns, die opgradering van informele nedersettings en gemeenskapsveiligheid.

Te midde van die erge ekonomiese terugslag weens die koronaviruspandemie, het staats- en maatskaplike indiensneming ŉ belangrike stimulus vir werkskepping voorsien. Dit is die implementering van ons verbintenis dat die staat indiensneming aktief moet ondersteun terwyl die arbeidsmark herstel.

Deur middel van die presidensiële indiensnemingstimulus het ons jongmense in die arbeidsmark ingebring in baie groter getalle in ŉ ongekende kort tydperk. Ongeveer 84% van die deelnemers aan fase een was jongmense onder die ouderdom van 35, en tweederdes was vroue.

In fase twee verwag ons dat hierdie getal selfs hoër sal wees, aangesien die stimulus byna R1 miljard sal voorsien aan befondsing vir die presidensiële jeugindiensnemingsingryping.

Verskeie jongmense sal as deel van die ingryping gewerf word in ŉ nasionale jeugdiens waarin nuwe lewe geblaas is. Jongmense sal opleiding in digitale vaardighede ontvang en ondernemings wat deur jongmense besit word, sal hulp kry om uit te brei en personeel aan te stel.

Werkloosheid in ons land is ŉ krisis. Ons kan nie eindelose vertragings bekostig weens burokratiese rompslomp, verouderde indiensnemingsprosesse, ŉ gebrek aan kapasiteit en beplanning, of kortstondige of onvolhoubare programme om hierdie probleem op te los nie.

Die sukses van die presidensiële indiensnemingstimulus toon dat wanneer ons saamwerk, vinnig beweeg, kreatief dink en ons hulpbronne goed bestuur, ons ŉ massiewe impak kan hê.

Die presidensiële indiensnemingstimulus het gedemonstreer dat ons werk kan skep as ons saamwerk as openbare sektor, arbeidsmag, die gemeenskap en die regering.

Die volgende fase van die presidensiële indiensnemingstimulus sal ons ongetwyfeld selfs nader sal bring aan ons gesamentlike doel van ordentlike werk en geleenthede vir almal.

# Wees op jou hoede vir seksoortreders

**Raadpleeg** die Nasionale Register vir Seksoortreders voordat jy personeel aanstel wat na kinders of mense met verstandelike gestremdhede, omsien.



**Sphelele Ngubane**

As jy ȟ werkgewer is wat ȟ vroeë kinderontwikkelingsentrum bedryf, word jy deur die wet verplig om te kontroleer of jou werknemers op die Nasionale Register vir Seksoortreders (NRS) voorkom. Die NRS val onder die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling en werkgewers moet hom raadpleeg om te kontroleer of voornemende werknemers daarop gelys word.

ȟ Werkgewer sluit ook in ȟ ouer wat ȟ huiswerker wil aanstel, ȟ skoolbeheerliggaam of ȟ hospitaal. Die NRS is in 2007 deur ȟ wet van die Parlement tot stand gebring.

Dit is ȟ register van name van diegene wat skuldig bevind is aan seksuele oortredings teen kinders en mense met intellektuele gestremdhede.

Ntombizodwa Matjila, die Registrateur van die NRS, sê die register bevat name van sowel manlike as vroulike oortreders.

Daar is mense wat oortredings teen kinders en mense met intellektuele gestremdhede gepleeg het, soos:

- statutêre verkragting;
- om kinders te dwing of te veroorsaak dat hulle seksuele oortredings aanskou;
- seksuele dade;
- seksuele uitbuiting;
- seksuele gereedmaking;
- blootstelling of vertoning van kinderpornografie aan kinders of mense met intellektuele gestremdhede en om kinders en mense met intellektuele gestremdhede vir pornografiese doeleindes te gebruik.

"Indien ȟ werkgewer uitvind dat die naam van ȟ werknemer op die register voorkom, moet die werkgewer die werknemer na ȟ ander posisie skuif waar hy nie meer in kontak sal kan kom met ȟ kind of ȟ volwassene met ȟ intellektuele gestremdheid nie," sê Matjila.

Indien die werkgewer nie die werknemer na ȟ ander posisie kan skuif nie, moet die dienskontrak beëindig word.

Inligting wat op die NRS voorkom, sluit in:

- oortreders se volledige naam, van en hul beroep of ambag;
- oortreders se bekende straatadres en enige kontakbesonderhede, waaronder ȟ posadres;
- oortreders se identiteits- of paspoortnommer;
- die tipe seksuele oortreding.

Die register is nie oop vir die publiek nie. Werkgewers kan slegs toegang kry om klaringsbewyse te bekom van diegene wie se name gekontroleer word. Dit is ȟ oortreding om die inligting wat in die register voorkom, aan enige iemand anders bekend te maak.

Kontak Matjila by 012 315 1656 of e-pos *NMatjila@justice.gov.za* vir meer inligting

# What to do if you've been sexually assaulted

**Cathy Grosvenor**

Women who have been sexually assaulted need to know the steps to follow to receive help.

## What to do if you have been sexually assaulted

**Seek medical help as soon as possible** – At a healthcare facility, any injuries will be treated and evidence will be collected, which will help if your case goes to court. Medication will be provided to prevent HIV, other sexually transmitted infections and unwanted pregnancy.

The easiest way to get medical help is to go to the closest hospital's emergency department, clinic, or police station. The SAPS are expected to provide transport to an appropriate healthcare facility.

**Things to avoid** – Do not wash yourself before seeking help, because this will destroy vital evidence. If you must change your clothing, take the clothes you were wearing at the time of the attack with you. If you experienced forced oral sex or kissing, do not smoke, eat, drink or brush your teeth until you've been examined.

**Things to do** –Take along sheets or other items that may have evidence on them. Place the unwashed items in a paper bag or roll them up in newspaper. Don't put them in a plastic bag, because this may ruin the evidence. If possible, take along clean clothes.

**Support**– A friend or a loved one that you trust can provide you with support.

**Lay a charge** – Lay a charge at the police station once you are up to it. If the survivor is a child or a person with a mental impairment, a case must by law be opened with the police.

**Get counselling** – Counselling should be offered at the health facility. If this does not happen, contact the Gender-Based-Violence Command Centre to talk to someone about your ordeal.

**Care Centre**- You can also seek help at a Thuthuzela Care Centre. These are one-stop facilities for survivors of sexual assaults.

They provide a place of comfort for survivors and give them access to medical professionals, skilled prosecutors, social workers, magistrates and the police. Services are free of charge. Visit *www.gov.za/TCC* to find your closest centre.

*This information was supplied by the Western Cape Government.*

If you're a victim of GBV, or you know someone who needs help, contact the national GBV Command Centre. **Call 080 0428 428**, send a 'please call me' by dialling ***120*7867#**, or SMS 'help' to **31531**.